6.12 Wie se skuld, dink jy, was dit dat die Portugees kwaad was? (1)

6.13 Hoekom kan ons sê die titel, *Potyster sweis nie*, pas by die gebeure in die verhaal? (1)

**EN**

**VERHAAL B: *DIE HEN EN DIE NAALD* – Minnie Postma**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Toe stap sy *shu-shu-shu-shu-shu* met haar nuwe karos na die lande toe, sodat die hoenders wat dáár skoffel ook kan sien hoe mooi sy is.
>
> Die kuikens vee uit soos sy gesê het. Net so, *jwalo*. Hulle tel die vuilgoed op, hulle gaan gooi dit op die ashoop weg, net soos hulle moeder dit wou hê. Net so, *jwalo.*

6.14 Wat is ŉ karos? (1)

6.15 Wat het Hen lankal gebêre om ŉ karos te maak? (1)

6.16 Wie kon vir Hen ŉ naald leen om ŉ karos te kan maak? (1)

6.17 Waarom kon net hierdie vriend haar help? (1)

6.18 Kies die KORREKTE antwoord uit die blokkie hieronder om die sin mee te voltooi.

Valk het elke ... by Hen gaan kuier.

| oggend; aand; dag |
|---|

(1)

6.19 Valk het Hen se geselskap geniet.

Sê waarom die stelling WAAR is. (1)

6.20 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Hen se kinders het mooi skoongemaak.
- Die naald het weggeraak.
- Hen het haar beentjies uitgeskop toe sy uitstap.
- Hen het ŉ nuwe karos gemaak. (4)

